



Hoe kan God dit toelaat? 'n Bibliologiese verryking van die teodiseevraagstuk uit 'n vergelyking tussen Openbaring en 4 Esra

J.A. du Rand
Departement Bybelkunde
Universiteit van Johannesburg
JOHANNESBURG
E-pos: jdurand@uj.ac.za

'Vra hulle alleen wat weet wat God alleen weet.'
Tjoepstil is Hy oor wat Hy met my wil.
Soek antwoorde
uit die ongehoorde ...
... snags hou ek my hande ongetroos
uitgestrek, al my nadink bring net vrae,
hou my slapeloos.
Ek dink my verslae.
T.T. Cloete (datum??) "Penkop hoor meer as
een stem", Uit die hoek van my oog

Abstract

How can God allow it? A bibliological enrichment of the theodicy issue from a comparison between the Book of Revelation and 4 Ezra

In the process of understanding and defining the relationship between God and man, the theodicy issue frequently floats to the surface. A long strand in the history of philosophy and theology has addressed itself to the task of reconciling God's omnipotence and benevolence with human suffering and the existence of evil. Some of the philosophical and theological views are represented in this article. According to reformed scholarly presentation, theodicy should seriously take into account the soteriological and eschatological hermeneutical views. This is confirmed by the Old Testament, intertestamental literature and the New Testament. The purpose of this article is to draw attention to the apocryphal 4 Ezra which puts surprising views about theodicy on the table.

Opsomming

Hoe kan God dit toelaat? 'n Bibliologiese verryking van die teodiseevraagstuk uit 'n vergelyking tussen Openbaring en 4 Esra

By die verstaan en beskrywing van die verhouding tussen God en die mens, kom die prominente teodiseevraagstuk telkens na vore. Die hart van die problematiek is die eeue oue worsteling om as gelowige die goddelike voorsienigheid in verband te bring met menslike lyding en teenspoed. Op hierdie vraagstuk het filosowe en teoloë uiteenlopende kommentaar gelewer. Enkele kommentare word genoem. Goed en kwaad kan in 'n dualistiese, harmoniese, pluralistiese of teleologiese verhouding verstaan word. Volgens reformatoriese besinning setel die verstaan van teodisee eerder in die soteriologiese en eskatologiese. Dit word bevestig deur die Ou Testament, intertestamentêre geskrifte en die Nuwe Testament. Die doel van hierdie artikel is om ook die aandag op die apokriewe geskrif, 4 Esra te vestig. Volgens die ontvouing van die apokaliptiese narratief van 4 Esra kom verrassende insigte oor die teodiseevraagstuk na vore.

1. Oriëntasie, vraagstelling en doel

1.1 Opedra aan

Alhoewel die eerste deel van die titel as vraag gestel word, bevat dit terselfdertyd 'n gelowige belydenis. Oor die teodiseevraagstuk bestaan daar eenvoudig nie klinkklare antwoorde nie, omdat die antwoorde reeds in die gelowige vraag nestel. In die teodisee-spieël van moeilik-om-te-verstaan vrae poog die belyer om die verhouding tussen geloof in God as skepper en onderhouer met 'n werklike leef-situasie te versoen. Die jubilaris Tjaart van der Walt, vir wie ek soveel respek het en aan wie hierdie artikel opgedra word, asook die skrywer hiervan en vele ander teoloë het al ure voor hierdie speël van die teodiseevraagstuk deurgebring.

1.2 Perspektiewe en vraagstelling

Die teodiseevraagstuk, hoe dit ook al gedefinieer probeer word, is ten diepste 'n vraag na die voorsienigheid van God, en daarom na God self. Dit raak ook die kern van die menslike verstaan, naamlik die verhouding tussen God en die mens. Oor hierdie moeilike onderwerp het filosowe en teoloë in die hoogood van verskeie benaderings aan moontlike definisies en verklarings geslyp. Sonder om in soveel sienings verstrik te raak, word op geselekteerde penstrepe

uit die moderne filosofie en bibliologiese teologie gekonsentreer. Uit so 'n oriëntasie word 'n vraagstelling en doel geformuleer.

Dit word wyd aanvaar (vgl. Snyman, 2006:1) dat die Duitse filosoof Gottfried von Leibniz, die term *teodisee* in 1710 gemunt het. Volgens Henry Schuurman (1993:209) het Von Leibniz se verwoording 'n "sterk teodisee" beskryf. Daarvolgens besin 'n teodisee oor die werklikheid van God en die goddelike eienskappe in hulle verhouding tot menslike lyding. Von Leibniz het die goedheid en almag van God verdedig in die aangesig van die kwaad (vgl. Phillips, 2001:145). Die wêreld waarin ons tans leef, is volgens hom die beste moontlike wêreld van alle wêreldes, al moet ons ook onderskei tussen metafisiese (die bo-sinnelike), morele (sondige) en fisiese (lydende) kwaad (vgl. Von Leibniz, 1966:8; Snyman, 2006:1). Die geskiedenis is dus so goed moontlik, maar nie volmaak nie. God wil nie lyding en sonde nie, maar dit volg uit die mindere volmaaktheid van die skepping en dat God nie anders kan as om dit toe te laat nie. Von Leibniz (1966:26) gee toe dat 'n enkele Nero oneindig kwaad en lyding gebring het (vgl. Schuurman, 1993:210), maar dat dit op die langer termyn verdun en vervlugtig is deur die werking van die groot metafisiese krag wat God is (Snyman, 2006:2). Aan Von Leibniz sou gevra kan word of 'n erkenning van die kwaad en lyding die begrip en bestaan van God in gedrang bring.

David Hume (1948:66) probeer om op 'n filosofiese wyse die behoud van die begrip *God* te handhaaf.

Is he willing to prevent evil, but not able? then he is impotent. Is he able, but not willing? then he is malevolent. Is he both able and willing? Whence then is evil? (vgl. Surin, 1983:225.)

Hume se redenasie kom daarop neer dat indien God alwetend en almagtig is, hy die kwaad kan uitroei (Platinga, 1974:23; Hick, 1968:5-7). Na Newton se verklaring dat die bewoonde wêreld 'n selfonderhoudende meganiese sisteem is (Surin, 1983:227-228), het dit vir filosofe al hoe moeiliker geword om die werklikheid van kwaad in die wêreld te verklaar. Ernest Becker (1976:18) verwoord dit soos volg:

Something entirely different had to be done to explain evil in the world, a theodicy without divine intervention. The new theodicy had to be a natural one, a secular one. Evil had to be explained as existing in the world apart from God's intention or justification.

Carol Kates (2004:69) bou voort op die non-teïstiese standpunt wanneer sy Nietzsche se standpunt oor teodisee behandel en som dit

soos volg op: "In the absence of any other evidence for or against theism, the most reasonable position is agnosticism." Dit is onder andere 'n reaksie op Platinga (1974:29), 'n bekende voorstander van goddelike teodisee wat in sy eie woorde die volgende stel:

Neither a free will defence, nor a free will theodicy is designed to be of much help to one suffering from ... a storm in the soul ... Probably neither will enable someone to find peace with himself and with God in the face of the evil the world contains. (vgl. Schoenig, 1998:459-464.)

Platinga se standpunt het ons vierkantig in die teologiese arena geplaas. Surin (1983:233) beskou Platinga en Hick as denkers wat die tipiese *teoretiese* vrae aan 'n teodisee stel, naamlik of sedelike kwaad as sodanig verstaanbaar is, en of teïsme verstaanbaar is in die lig van sedelike kwaad. *Teïsme* word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2005:1168) omskryf as "geloof aan die bestaan van een God wat skepper en bestuurder van die heelal is".

Surin het gelyk as hy die *praktiese* sy van teodisee byvoeg en vra: Wat doen God om kwaad en lyding in sy skepping te oorwin? asook Wat doen die skepsel van God om kwaad en lyding te bowe te kom? Dit bring ons by Jurgen Moltmann wat redeneer dat 'n sedelik aanvaarbare Goddelikheid wat 'n wêreld geskep het wat ook kwaad en lyding bevat, dit alleenlik kan regverdig indien Hy bereid is om die juk van lyding en swaarkry saam met sy skepsels te dra. Die implikasie van 'n geldige standpunt soos hierdie, is om van 'n *soteriologiese teodisee* te praat. Ek haal graag in hierdie verband Moltmann (1974:216-216) self aan:

With the Christian message of the cross of Christ, something new and strange has entered the metaphysical world. For this faith must understand the deity of God from the event of the suffering and death of the Son of God and thus bring about a fundamental change in the orders of being of metaphysical thought ...

Anders gestel: God is die metgesel, die medelydende wat begryp. Die teodiseevraagstuk kan daarvolgens slegs deur 'n gelowige gevra word wat ten volle die goedheid en almag van God bely en wat ook in die werklikheid van kwaad glo. Dit is die Christusgebeure wat tussen God en die kwaad stelling ingeneem het en aan die teodiseevraagstuk 'n soteriologiese raamwerk gegee het.

Dit bring ons by 'n reformatoriese besinning oor teodisee deur die Nederlandse dogmatikus Berkouwer (1950:276-329). Hy behandel teodisee as deel van God se voorsienigheid (vgl. ook Heyns, 1978: 144-163; Hicks & Pinn, 2008:881-885). Volgens Berkouwer (1950: 276) handel dit in die teodisee

... om de rechtvaardiging van het Godsbestuur in die zin, dat gepoogd wordt een bewijs te leveren, dat het wereldbestuur Gods ondanks alle raadselachtigheid en alle kritiek, die men meent er op te kunnen uitoefenen, toch heilig, goed en rechtvaardig kan worden genoemd.

Berkouwer (1950:276) is oortuig dat die menslike rede nie daartoe in staat is om die ellendes en lyding op aarde rasioneel te verklaar nie. 'n Teodisee is eers geslaagd as dit "... vermoeiden tot rust brengen". Wie God se voorsienigheid bely, is rasioneel nie geroepe of in staat om God te "regverdig" nie. Selfs lyding kan God se "onbekende goeie doel" dien (Calvyn, aangehaal deur König, 2006:480).

Gevolgtrekkend kan saamgevat word dat 'n teodisee nie net *dualisties* (goeie teenoor die slegte) of *harmonies* (Von Leibniz se stoïsynse siening: goed en kwaad in die beste moontlike geskape wêreld naas mekaar) of *pluralisties* (spanning tussen goed en kwaad in God se wese) of *teleologies* (goed en kwaad dien 'n goddelike doel) gesien mag word nie (Berkouwer, 1950:279-290; Heyns, 1978:162-163). 'n Meer bevredigende tekening van 'n gelowige teodisee moet ook vanuit 'n *soteriologiese* en *eskatologiese* hoek bekyk word.

Die vraag na 'n gebalanseerde en ewewigtige teodisee is reeds gedeeltelik behandel. 'n Verdieping van die vraagstelling is om te probeer bepaal watter siening(s) oor teodisee aan die einde van die eerste eeu n.C. in omgang was. Gedurende hierdie tydperk het veral die boeke Openbaring en 4 Esra die saak aangeraak. Openbaring 6:9-11 (die roep van die martelare na God om sy oordeel oor die goddelose te ontvou) het ek elders behandel en wil in hierdie ondersoek dieper probeer delf na die hartklop van 4 Esra. Kan iets oor teodisee by die apokriewe 4 Esra geleer word? Wat is die funksie en betekenis van 'n krisis in die lewe van die volk van God?

In die hedendaagse debat oor 4 Esra kom veral twee sake na vore, naamlik die teologiese dieptestruktuur van die gesprekke tussen Esra en Uriël (die engel namens God), en die psigologiese en teologiese ontwikkeling van Esra self in sy worsteling met die teodiseevraagstuk Die doel is om veral op die apokaliptiese eskatologie vol-

gens 4 Esra te fokus, met besondere toespitsing op 4 Esra 9:38-10:27, die gesig van die hartseer vrou.

2. Teodiseemomente volgens die Ou Testament

Walther Eichrodt (1983:27) meen teodisee moet verstaan word binne 'n rasonele raamwerk. Volgens hom gaan dit oor 'n balans tussen die huidige wêreld met al sy fisiese en sedelike kwaad en die allesinsluitende en regverdige bestuur van 'n goeie God.

Teodisee, volgens die Ou Testament, varieer tussen: Waarom het hierdie kwaad my getref? en die etiese: Waarom moet daar so iets soos die kwaad wees? (Gese, 1983:47). Teodisee kan dus rationeel geldig wees volgens Eichrodt (1983) of irrasioneel volgens Gordis (1972:277-284; vgl. Kushner, 1981).

Onder andere in die wysheidsliteratuur word kennis geneem van die leer van vergelding. In Spreuke 3:33 staan: “Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is.” Die kwaad het 'n oorsaak en die gevolg is straf. Dit bring mee dat daar nie vingers na God gewys moet word nie. In sommige gevalle (vgl. Willett, 1999:13 e.v.; Koch, 1955:1-42, wat die teenoorgestelde standpunt huldig) breek die vergelding eers in die toekoms aan, veral volgens voorbeelde uit die profetiese geskrifte (vgl. Jes. 10:22; Jer. 18:20).

Jahwe bepaal die sedelike orde van hierdie bewoonde wêreld. Wanneer die mens mistrap, is dit sy eie skuld en bepaal hy sodoende sy eie finale bestemming. Die profete Haggai en veral Sagaria (vgl. Sag. 1:7-11) was oortuig dat die negatiewe ervarings van die teruggekeerde bannelinge verband hou met die feit dat hulle nie die tempel herbou het nie. Mislukkings en lyding is die gevolg van mense (dikwels die volk van God) se sonde en nie God se “onregverdigheid” nie (vgl. Kuntz, 1977:228-232; Towner, 1971:203-214).

Hierdie opvatting om lyding met sonde te assosieer, kom byvoorbeeld ook in die boek Job voor. Sy vriende is veronderstel om hom te troos en by te staan, maar hulle veroordeel Job en pak al die skuld op sy “sondes”. Nogeens word ons deur die voorbeeld op die simplistiese oorsaak- en gevolgredenasie gewys (vgl. Job 22:5; 40:8). Selfs plaasvervangende lyding vir iemand anders se sonde beliggaam die vergeldingselement (vgl. Jes. 53:4-6).

Teofanie word soms as 'n vorm van teodisee geïnterpreteer (vgl. Ps. 72:17; 73:28). Job het geworstel om die betekenis van sy lyding sin-

vol te verstaan, maar het terselfdertyd sy godsdienstige ervaring van God, in teofanie, intens en oorweldigend beleef. 'n Mens sou kon sê dat teofanie in so 'n geval nie 'n logiese antwoord voorsien nie, maar wel 'n teologiese antwoord en dit mag nooit uit die oog verloor word nie. In Psalm 73:28 sê die psalmis byvoorbeeld: “Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.”

Volgens Williams (1956:14-26; vgl. ook Nickelsburg, 1977:170-176 en Cavallin, 1974:211-214) het teodisee gedurende die intertestamentêre periode ongeveer dieselfde patroon as oor die algemeen in die Ou Testament gevolg (vgl. Sirag 27:27). Die klem op 'n moontlike buitewêreldse toekomstige vergelding mag ook nie misgekyk word nie (vgl. Nickelsburg, 1972:174). Volgens die Wysheid van Salomo 3:18-19 lyk die lyding en siekte van regverdiges op aarde onbillik. Tog sal hulle hulle beloning ná die dood deur onsterflikheid ontvang. Iemand se aardse optrede is dus medebepalend van sy toekomstige bestemming. Op sodanige wyse is teodisee en eskatologie ten nouste gekoppel.

3. 'n Pauliniese perspektief

Ter wille van die semantiese reliëf word enkele penstrepe oor Paulus se ernstige worsteling met die vraag oor God se (ver)houding met sy volk Israel volgens Romeine 9-11 gevolg (vgl. Óropeza, 2007:57-80). Paulus vra indringende vrae wat binne die raamwerk van die teodiseevraagstuk ingedeel kan word: Is God onregverdig met verwysing na sy verkiesing van Israel? Het Israel gesondig dat God sy eie volk só behandel?

Nadat God sy trou teenoor die uitverkorenes bevestig het volgens Romeine 8, steek die vraag nog by Paulus vas waarom so baie van sy volksgenote nie in sy geloof wil deel nie (vgl. Wright, 1992:236 e.v.; Wilckens, 1980:184). Hoe kan God regverdig wees as Israel nie Paulus se evangelieverkondiging aanvaar nie? Dit formuleer 'n teodisee. Met behulp van 'n aanhaling uit Habakuk 2:4 word die regverdigheid van God en die sonde van die volk in 'n teodiseeformaat behandel volgens Romeine 1:17-18 (Hays, 1989:40). Paulus fokus op die soteriologiese hede, dit wil sê dat die Christologiese verlossingseffek reeds in die hede beleef moet word. Daarom moet God geprys word as die Een wat “Hom ontferm oor wie Hy wil” en “verhard oor wie Hy wil” (Rom. 9:17-18). Die soteriologiese en eskatologiese toekoms word ook in Paulus se teodiseesiening betrek (vgl. Rom. 11:25-27).

Die aansienlike en gewigtige reeks aanhalings uit die Ou Testament in Romeine 9-11 dien onder andere die doel om God se posisie ten opsigte van sy eie volk te verdedig (vgl. Kock, 1986:21-26; Hays, 1989:41-43). Gaandeweg kom ons by die kernmoment in Paulus se beredenering van 'n teodisee uit: God is *regverdig*, maar Israel het *gefaal*. Paulus se teodiseevraag volgens Romeine 9:19, “Maar waarom verwyt Hy ons nog?”, word in die daaropvolgende Romeine 9:22 en 23 beantwoord: God wou “... sy toorn laat sien en sy mag bekend maak” en “Hy sou so ook die rykdom van sy heerlijkheid bekend maak oor die voorwerpe van sy ontferming” (vgl. Öropeza, 2007:69-72).

Ons sou teologies kan redeneer dat God *nie* sy volk verstoot het nie (Rom. 11:1). Nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik Israel nie (Rom. 9:6), maar slegs hulle wat glo en vrygespreek is (Rom. 9:32). Slegs geloof bring ware inenting (Rom. 11:20, 23). Dit geld vir sowel die heidene as etniese Israel (Rom. 11:25-32).

In 'n sekere sin definieer Paulus die soteriologiese sy van sy teodiseesiening as 'n “geheimenis”/“misterie” (Rom. 11:25). Dit gaan oor 'n “verharding” van 'n deel van Israel, “die volle getal uit die heidenasies” wat eers die koninkryk moet ingaan en “die redding van die hele Israel” (Rom. 11:25-26). Wat veral in Romeine 9-11 tref, is Paulus se vurige liefde vir die evangelieboodskap van verlossing, maar ook sy passievolle patriotisme (vgl. Rom. 11:28, 31). Dit is duidelik dat Paulus die goddelike verkiesing en die korporatiewe mens (sy volk) se verantwoordelikheid bymekaar bring deur die “misterie” van verlossing. Oor die eskatologiese dimensie van die Pauliniese teodisee kan saam met Öropeza (2007:80) gekonkludeer word: “Israel is still included in the salvific plan of God, which will (from Paul’s perspective) unfold in the future.”

Ter wille van bibliologiese en teologiese reliëf is geselekteerde momente uit die Ou Testament, intertestamentêre denke en die Nuwe Testament rakende teodisee hierbo genoem met die doel om in die volgende deel van die ondersoek die teodiseevraag volgens 4 Esra van nader te kan bekyk.

4. 4 Esra: oriëntasie en indeling van inhoud

4.1 Algemene oriëntasie

Die geskrif wat volgens die Latynse vertaling daarvan uit Grieks en hoogs waarskynlik uit 'n Semitiese bron bekend staan as 4 Esra (Esdrae Liber IV), bestaan uit hoofstukke 3-14¹ (vgl. Stone, 1990:1-7 wie se vertaling verantwoord is en aangehaal word; Klijn, 1983:131; Metzger, 1983:516-519). Hoofstukke 1-2 (5 Esra) en 15-16 (6 Esra) is volgens Christelike tradisies uit 'n Griekse vertaling afgelei. Die datering van 4 Esra is van bepalende belang vir die onderwerp onder bespreking. Dit is waarskynlik na die val van Jerusalem in 70-100 n.C. geskryf (Stone, 1990:5). Die vertelde wêreld speel in Babilon af, net na die verwoesting van die tempel in 586-587 v.C., terwyl die volk in ballingskap swaarkry. Die knellende omstandighede waarin sy volk verkeer, noep Esra, die geestelike leier, om intens ernstig met die teodiseevraag te worstel. Esra se geloofsworsteling is rigtinggewend beskryf. Dit raak sy persoonlike, asook sy nasionale teologiese denke.

Esra tree in 'n reeks gesprekke met God en is aangedaan omdat sy eie volk Israel so in ballingskap ly, terwyl dit oënskynlik met die goddelose Babiloniërs voorspoedig gaan. Hy probeer sy geloof in God met die haglike daaglikse lewensomstandighede van die volk Israel versoen. Die tafel is gedek met 'n kenmerkende teodiseesituasie waarby die Christelike debat heelwat raakpunte kan vind.

Alhoewel 4 Esra as 'n tipiese Joodse geskrif beskryf kan word, is dit juis deur die Christelike oorlewering gebruik en bewaar. Dit impliseer volgens die tydperk van skrywe dat die inhoud van 4 Esra met geskrifte soos dié van Paulus en die boek Openbaring teen die einde van die eerste eeu n.C. vergelyk kan word (vgl. Willett, 1999:54-57). Die hermeneutiese betekenis en waarde van hierdie geskrif pas dus goed in by die raamwerk van die apokaliptiese eskatologie van dieselfde periode (vgl. Myers, 2003:408-411). Dit beteken allermens dat daar by die bybelse boodskap oor teodisee verbygegaan word. Vergelykende perspektiewe uit 4 Esra kan aanvullend en verhelderend wees.

Enkele inhoudelike momente uit die geskrif word vervolgens aangehaal met 'n bepaalde toespitsing op die teodiseeraagstuk self. 4 Es-

1 Verwysings na teksgedeeltes in afdelings 4 en 5 wat slegs uit 'n hoofstuk en versindelings bestaan, kom uit 4 Esra.

ra, met hoofstukke 3-14 as apokalips, is uit sewe visioene saamgestel. Die eerste drie visioene (3:1-9:25) vertel van Esra se ernstige dialoog met God oor sy regverdigheid en die lyding van sy volk Israel. Die vierde visioen (9:26-10:59) vorm 'n belangrike draaipunt in die opbou van die apokalips na aanleiding van Esra se godsdienstige ervaring. Visioene vyf en ses bevat twee simboliese drome en hulle interpretasies en die sewende en finale visioen vertel van Esra se aanvaarding en sy lofrede aan God.

4.2 Visioene 1-3 (4 Esra 3:1-9:25)

Hoofstukke 1 en 2 (5 Esra) vertel van Esra, 'n afstammeling uit die priestergeslag, se roeping (1:1-3), asook die afvalligheid van die Joodse volk ten spyte van God se trou en goedheid (1:4-2:32). Dit is belangrik om hierdie agtergrond in gedagte te hou. Ons neem ook kennis van Esra se gesig van 'n groot menigte op die berg Sion (2:33-48).

In die eerste visioen (3:1-5:20) lê Esra op sy bed in Babilon, diep beswaard "... because I saw the desolation of Zion and the wealth of those who lived in Babylon. My spirit was greatly agitated ..." (3:1-2; vgl. die vertaling deur Stone, 1990:53). Die situasie van sy volksgenote in Babilon is haglik. Die volk Israel kry swaar, terwyl die goddelose Babilon floreer: "Are the deeds of Babylon better than those of Zion?" (3:31.) Op Esra se vrae antwoord God by monde van die engel Uriël: "Your understanding is quite confounded regarding this world and do you wish to comprehend the way of the Most High." (4:1-2.) Op aangrypende retoriese wyse fokus Uriël op die toekoms wanneer alles vir almal duidelik sal word, want hierdie wêreld "... is hastening swiftly to its end" (4:26). Aan die einde sal God die kwaad en die goeie oes en "uitsoek" (4:28). Esra is so ontsteld oor Israel se hardnekkige en volgehoue diens aan die bose dat hy vir sewe dae lank gaan vas het.

Die tweede visioen (5:21-6:34) volg grotendeels dieselfde patroon as die eerste. Esra is steeds ontsteld (5:21-22) en kla steen en been by God oor hoe God Israel behandel:

And those who opposed thy Torah have trodden down those who believed in thy covenant. If thou dost really hate thy people, they should be punished at thy own hands. (5:29-30.)

Weereens antwoord Uriël dat Esra nie nou in staat is om God se weë te verstaan nie (5:33-40). Esra bevraagteken selfs nou die goeie bedoelings van God se skepping (5:41-45). Uriël verseker

Esra egter dat die einde deur God geborg word, maar dat die tussentyd onstuimig sal wees (6:9-10). Uriël open 'n uitsig op die toekoms waarby Esra insig moet kry:

And it shall come to pass that whoever remains after all that I have foretold to you shall himself be saved and shall see my salvation and the end of my world. (6:25.)

Die derde visioen (6:35-9:25) begin, net soos die vorige twee, met 'n vermelding van Esra se sewe dae vas (6:35-36). Soos 'n refrein klink dit voor elke visioen: "For my spirit was greatly aroused, and my soul was in distress." (Vgl. 6:37 met 3:1 en 5:21.) Esra se volgende vraag sny diep in die teodiseevraag in: "If the world has indeed been created for us, why do we not possess our world as an inheritance?" (6:59.) Uriël antwoord met 'n trefferbeeld: Israel moet eers swaarkry en ly voordat hulle by die ingange van "die stad" mag ingaan (7:12-13), waarop "... the fruit of immortality" (7:13) wag. Dit is Israel se "erfdeel"! Daarteenoor ontvang die goddelose by die finale afrekening hulle verdiende loon (7:19-25). Hier raak Uriël nogeens 'n sentrale senuwee van die onderwerp aan wanneer hy aan Esra sê:

For behold, the time will come ... that the city which now is not seen shall appear ... For my Messiah shall be revealed with those who are with him ... (7:26, 28).

Dit bevestig weereens die Joodse karakter van 4 Esra (vgl. Stone, 1990:208-213; Fitzmyer, 1974:391-394), alhoewel dit hoofsaaklik deur die Christelike tradisie oorgelewer is.

4.3 Visioen 4 (4 Esra 9:26-10:59)

Die vierde visioen neem Esra na die blommeveld Ardat (9:26). Esra sien 'n vrou wat hartseer rou (9:38-10:27). Haar enigste seun het skielik dood neergeval op sy troudag (10:1-2). Esra vergelyk haar droefheid met die groter seerkry van die volk en sê aan haar dat sy net op God se regverdigheid moet staatmaak. Uriël antwoord met 'n allegoriese toepassing: die vrou stel die hemelse Sion voor; haar seun die aardse Sion en die dood van die seun die vernietiging van Jerusalem (10:29-59). Dit dring tot Esra deur dat hy besig is om die "hemelse Sion" (die vrou) te troos oor die verlies van "haar seun" (Jerusalem) oor wie hy so ontsteld is. Die vierde visioen vorm 'n waterskeiding in die ontvouing van die narratiewe apokalips. Esra ondergaan 'n intense godsdienstige ommeswaai wat 'n "bekering" genoem kan word. Hy aanvaar nie net die "uiterlike" woorde van Uriël nie, maar maak dit hartstogtelik sy eie. Esra beleef die goddelike

teodisee op 'n besondere wyse (vgl. Laato & De Moor, 2003:604-611; Hogan, 2008:186 e.v.).

4.4 Visioene 5-7 (4 Esra 11:1-14:48)

Esra ontvang die vyfde visioen, die sogenaamde *arend*-droom (11:1-2:3). Die verduideliking daarvan word nie meer in dialoogformaat aangebied nie, maar in die vorm van 'n monoloog. Uriël verduidelik die visioen in 12:10-39. Esra se vrae toon aan dat hy besig is om plek vir die aanvaarding van God se plan en optrede te maak. Hy is besig om psigies en teologies 'n gedaanteverandering te ondergaan.

Ook die sesde visioen is 'n droomvisioen (13:1-58). Dit beeld 'n mistieke man uit wat uit die see opkom (13:2-13). Hierdie figuur versamel 'n menigte om hom en maak gereed vir oorlog (13:5-7). Sonder enige wapens en slegs met dit wat uit sy mond kom, oorwin die figuur (13:8-11). Dit illustreer dat God in beheer is van Israel se geskiedenis (vgl. 13:25-26; 13:32, 51-52). Hierdie man is die messias by wyse van interpretasie. Die messias sal die volk van God uiteindelik tot oorwinning lei. Sekere apokaliptiese temas wat ook in Daniël 2 en 7 vermeld word, word aangehaal. Esra bely sy geloof in God en loof Hom "... because he governs the times and whatever things come to pass ..." (13:58).

Die sewende visioen (14:1-48) teken 'n nuwe Esra. Net soos Moses, Abraham en Samuel word Esra geroep (14:1-2), terwyl hy onder 'n eikeboom sit (vgl. Gen. 18:1 – Abraham by die eikebome van Mamre) en God met hom praat uit "'n bos" (vgl. Eks. 3:2 waar Moses uit "'n bos" geroep word). Esra vra nie meer vrae nie en kom tot berusting. God is in beheer en wat Hy doen is regverdig (14:3-4) – om mense te straf, maar ook te verlos (14:30-36). Esra prys die wet (14:22) en kan nie uitgepraat raak oor God se regverdigheid nie.

Die sake wat in hierdie sewe visioene uitstaan, kan soos volg saamgevat word: eerstens is die *ontwikkeling* van Esra self wat die teodiseevraag betref. Aanvanklik is hy die ontstelde (en aggressiewe) vraagsteller wat egter deur die toedoen van God (verteenwoordig deur Uriël) tot die berustende lofpryser van God ontwikkel. Tweedens is die aardse *ken* nog net gedeeltelik. Ware *Godskennis* kom met 'n in diens opleiding en begeleiding deur God self. Die soteriologiese goue draad wat deur die apokalips loop, is ten derde meesterlik met die (apokalipties) *eskatologiese* vervleg. Die finale bestemming is die hoogtepunt van God se verlossingspad. Vyfdens is die *groei* in die erkenning van die regverdige God en laastens is *skep-*

ping en *verlossing* ten nouste aan mekaar gekoppel. God gee om vir en red wat Hy geskape het, want Hy is goed, groot en regverdig.

5. Teodisee en apokalipties-eskatologiese momente

Die narratief van 4 Esra as apokalips is meesleurend en betrek elke leser. Verrassende perspektiewe soos byvoorbeeld oor die soteriologie en die wil van God raak ook Christenlesers in hierdie Joodse geskrif aan. Deur al sewe visioene bly die leser bewus van 'n ernstige en legitieme worsteling oor die teodiseevraagstuk. Die ontwikkeling in Esra se psigiese en die teologiese hantering van die teodiseevraagstuk help elke leser om saam in begrip te groei. Dit kan ook die sakelys van die outeurverteller genoem word.

In visioene 1 en 2 fokus die vraagstelling op Esra se angstigtheid wat uit sy liefde vir sy volk en ontsag vir God ontstaan (3:1-2). Esra bid tot 'n God wat reeds 'n bewese historiese pad met sy eie volk geloop het. Die alledaagse nood en lyding in Babilon word teen God se verkiesing en goedheid opgeweeg. Hoe kan God dit toelaat? Die twee lyne van oorsaaklikheid, die volk en God, word in die ontvouing van die narratief van 4 Esra die geleentheid gegee om tot wasdom te ontwikkel. Van die eindbestemming af teruggedink, word oorsaaklikheid deur 'n *apokalips-eskatologiese soteriologie* gedra. Die volk moet wegdraai van hulle sondes en die wet opnuut aangryp om in God se finale toekomstige verlossing te kan deel.

Die oorsaak van die bose gaan terug tot by die bose ingesteldheid van die volk van God (3:20): "For the first (!) Adam, burdened with an evil heart, transgressed and was overcome, as were also all who were descended from him." (3:21.) Dit kan as 'n definitiewe verwysing na die erfsonde beskou word. In die volk se harte het die kwaad naas die Tora geleef, maar eersgenoemde het laasgenoemde oorwoeker (3:22-23). Definitiewe vrae dwing na vore: Het God nie gefaal deur sy eie volk so te straf nie? Hulle is dan geskape om nie die goeie te doen nie (3:28-29). Waarom straf God nie ook die Babiloniërs nie?

Die engel Uriël gryp in namens God en gooi die hele teodiseevraagstuk en antwoord daarop oor die boeg van nie-verstaan-nie:

The way of the Most High is created immeasurable. And how can one who is corrupt in the corrupt world understand the way of the incorruptible? (4:10-11.)

Die gelykenis van die bos wat met die see oorlog maak en toe self in 'n brand vernietig word, verdiep vir Esra die probleem, maar voor-

sien nog nie 'n aanvaarbare antwoord nie. Wat het geword van die Tora en die verbond wat God met sy volk gesluit het? (4:23). Toe Uriël sien dat hy nie daarin slaag om Esra te oortuig nie, haal hy die troefkaart uit, naamlik die *apokalipties-eskatologiese soteriologie*. Die regverdiges moet vasbyt. Hulle sal by die *eschaton* hulle loon ontvang (4:27-32). Goed en kwaad bestaan naas mekaar tot by die finale einde (4:29). Esra sal eers regtig God se optrede by die finale einde verstaan. Esra wonder hoe lank nog voor die finale einde aanbreek. Die engel se antwoord herinner sterk aan Openbaring 6:10-11: "When the number of those like yourselves is completed ..." (4:36).

Willett (1999:332-339) beklemtoon dat 4 Esra slegs verstaan kan word as die sogenaamde twee tydperke deurgaans in ag geneem word: die huidige wat deur 'n toekomstige opgevolg word (vgl. Stone, 1990:92-93).

Die eskatologiese sleutelteks is 4 Esra 7:50: "For this reason the Most High has made not one world but two." (Vgl. 6:7-10, 34; 7:12-13, 29-31; 8:1, 46.) Die toekomstige wêreld (= tydperk) sal veral deur *oordeel én verlossing* gekenmerk word. Die regverdiges (7:47; 8:1) sal die ewige lewe (8:46) erf, al kry hulle nou swaar. Beloning staan teenoor straf (7:47, 75) en onsterflikheid (7:13, 31) teenoor die dood. Ook die getal regverdiges word reeds in die huidige tydperk deur God bepaal (4:36).

Esra is teologies "uitgeslape". In visioene 3 en 4 voer hy die teodiseevraagstuk terug na God en sy skepping (6:1). Hy beskuldig God dat Hy Israel nie regverdig behandel nie. Het Hy hulle dan nie skeppingsmatig uitgekies nie? (6:38-39). God (deur die engel Uriël) antwoord hom binne die raamwerk van die teodisee: die huidige tydperk se kwaad is die resultaat van sonde en die huidige (oënskynlike) onaanvaarbaarhede sal in die toekomstige tydperk reggestel word (vgl. 7:12-13, 20, 25, 38). Op sodanige wyse is die teodisee en apokaliptiese ekskatologie ten nouste as verklaring gekoppel. Esra aanvaar die versekering van 'n toekomstige "tuiskoms" vir die regverdiges, maar is steeds bekommerd oor die regverdige behandeling van die swakkeres in die huidige tydperk: "And now I see that the world to come will bring delight to few, but torment to many." (7:47.)

Hoe lyk 'n universele teodisee? Is almal nie skuldig nie? "For who among the living is there that has not sinned, or who among men that has not transgressed thy covenant?" (7:46.) Indien sonde dus universeel voorkom, wat kan die uitkoms in die toekoms dan wees? Dit

geld selfs vir die regverdiges, want ook hulle is nie perfek nie. Met goeie reg, by wyse van interpretasie, sou Esra kon vra: Bevat die toekoms enigsins die antwoord? Esra trek die kringetjie nog nouer: "About all mankind thou knowest best: but about thy people, for whom I grieved ... and about Israel, for whom I am sad ..." (8:16). Esra besef maar te goed dat sy eie volk sondig is en dat hulle wet-teloosheid by God ophoop. Hy besef ook dat suiwer wetsnakoming nie genoeg is nie. Nederigheid en verootmoediging word ook vereis (vgl. 8:46-47). "... you will be praiseworthy before the Most High, because you have humbled yourself, as is becoming for you, and have not deemed yourself to be among the righteous ..." (8:48-49).

Esra is bekommerd oor sy volk, Israel, terwyl sy lojaliteit teenoor God in sy siening van die wet weerspieël word (9:36). By die draaipunt in die narratief, naamlik die vierde visioen, leer 'n mens 'n nuwe Esra ken. Hy is nie meer die een wat vertroos moet word nie, maar is nou self die vertrooster van die vrou (Sion) wat haar seun (Jerusalem) verloor het (10:24, 44-48). Sy onwrikbare vertrouwe in die regverdigheid van God en sy deernis vir die droewige vrou het sy eie uitkyk en opvatting van 'n teodisee ingrypend beïnvloed. Die dieper dimensie van 'n teodisee lê by die onverklaarbare goedheid van God.

Volgens visioene 5 en 6 ontvang Esra die gesigte van 'n arend en 'n leeu in die vorm van drome. Hierdie twee beeldryke figure plaas die eskatologiese kant van 4 Esra se teodisee in fokus. Dit verduidelik die regering van die eindtyd en van die messias. Die arend moet wyk voor die messias (12:1-3). Hierdie gebeure laat Esra sidder van vrees en ontsag (12:3b), maar ook jubel van dankbaarheid oor die finale uitkoms: "For thou hast judged me worthy to be shown the end of the times and the last events of the times." (12:9.) Alhoewel die volk nou ly, het God hulle nie versaak nie en sal Hy sy eiendom aan die einde red. Weereens, die verduideliking van 'n eskatologiese soteriologiese uiteinde, maak ook die hede draagliker (12:46-47).

Die man wat uit die see uit opkom (13:1 e.v.) is die eindtydse verteenwoordiger van God; die kneg (13:37) wat die goddeloses sal verslaan om vir die vreedsame menigte van God plek te maak. Die dominante van die eindtydse gebeure is dat God steeds die hef in die hand het. Hy beheer die tye (13:58) en bepaal die finale uitkoms van sy eiendom. Esra se insig word deur sy uitsig op God se toekoms vir sy eiendom bepaal. Eskatologie funksioneer definiërend om die teodisee te verklaar. Die fokusmoment ná die apokaliptiese vuur, wind en storm (13:11), is die verskyning van die seun: "And when these things come to pass and the signs occur which I showed

you before, then *my servant* will be revealed whom you saw as a man coming up from the sea.” (13:32.)

Volgens 4 Esra 7:28, 29 word die verlossingsfigure “my messias” en “my slaaf”, die *messias* genoem. Die “man uit die see” of leeu (11:37-46) is die Dawidiese messias (12:32) wat deur God tot die finale einde teruggehou is. Die uiteindelijke verlossing is volgens 4 Esra deur God “geprogrammeer” om by die finale einde aan te breek. Die messias sal die Romeinse Ryk (arend) vernietig. Sy verlossingsrol word opvallend in terme van dié van ’n kryger geteken en nie van ’n koning nie (Stone, 1990:213). Hy lei sy magte, die regverdige, tot oorwinning, maar laat die regeertaak aan God oor.

Volgens deel 7 van die apokalips moet Esra gaan en sy volk bemoeidig (14:7-8). Die huidige ellendes is grotendeels die gevolg van sonde. Die volk se redding lê in die toekoms, indien hulle daarin sou slaag om hulle harte en denke nuut te rig. Die tydperk waarin hulle leef is akuut: “... for the eagle which you saw in the vision is already hastening to come” (14:18). Die gebeure van die toekoms het ’n dominante invloed op die omstandighede van die hede. Eskatologiese oordeel en verlossing wat apokalipties by die einde aanbreek (14:35-36), tint ook die hede. Al is die hede hoe onverstaanbaar, die toekoms is deur God se regverdige apokaliptiese ingrype deur die messias verstaanbaar gemaak wat vir 400 jaar sal regeer (7:28; vgl. 1 Henog 105:2). 4 Esra is in ooreenstemming met die algemene Judaïstiese opvatting dat die messiaanse ryk ’n beperkte tydperk sal duur (vgl. 1 Henog 91 en 2 Apokalips Barug 29; Stone, 1990:215, voetnoot 55). Die vermelding van die getal 400 kan bloot formeel na die bestaan van ’n idiomatiese getal 400 in die volksmond en tradisie verwys (vgl. byvoorbeeld Gen. 15:13 waarvolgens Abraham se nageslag 400 jaar lank slawe sal wees in die vreemde land).

6. Gevolgtrekking: uitsig bring insig!

In elke historiese fase van die huidige tydperk moet Esra onthou dat sonde en wetteloosheid die ontrou van die volk Israel definieer. Vanaf Egipte, deur die eksodus heen, ten spyte van die ontvangs van die Tora, het die volk teleurgestel. Daarom realiseer God se oordeel reeds en is die volk uiteindelik weggevoer in ballingskap (4 Esra 14:32-33). Die huidige dilemma waarin die volk volgens die vertelde wêreld verkeer, maak Esra diep ongelukkig. Tog moet hy hoop gee vir ’n geslag Joodse Christene wat reeds, saam met die Jode deur die val van Jerusalem in 70 n.C. verpletter is. In sy teodisee verreken hy verlede en toekoms. Volgens die tradisie het die profete telkens die oorsaak van ellende en lyding as sonde getipeer en daarop

gehamer dat sonde gestraf moet word. Sodanige verklaring is egter te simplisties. As hy aan sy eie volk hoop moet gee, moet daar iets veel groter plaasvind om hulle uit hulle diepe wanhoop te red. Dit is waar die regverdige God woord hou en sy soteriologiese ingrype aan Esra bekend maak. Dit sal by die finale einde gebeur: 'n apokalipties-eskatologiese moment van afrekening en verlossing, naamlik oordeel en straf vir die goddeloses en verlossing vir die regverdiges. Sodanige apokalipties-eskatologiese uitkoms en aankoms is slegs moontlik indien die hede met die sonde afreken. Die bedoeling is dus nie om die hede te ontvlug die toekoms in nie, maar eerder om by die *uitsig* op die eskatologiese verlossing *insig* vir die alledaagse hede te vind, op pad na die toekoms. Dit bly God se toekoms vir sy eiendom en dit is Hy wat sy eiendom gedurende die hede op koers hou.

Esra se eie ontwikkeling van klaer tot lofpryser van God illustreer die karakter van sy teodisee. Hy kan nie die huidige ellendes van die volk wegwens of wegpraat nie, omdat hy nog nie die volle omvang van God se lewenstog vir die volk raaksien of verstaan nie. Al sou iemand nie die huidige seerkry of pyn verstaan nie, kan en moet die regverdiges nou reeds uit die perspektief van die apokalipties-eskatologiese verlossing leef. Esra se verstaan van die teodisee mag nie teen die volk se seerkry vassteek nie, maar moet hulle hoopvol maak deur die volle klem op die goeie en regverdige God te plaas.

Geraadpleegde bronne

- BECKER, E. 1976. *The structure of evil: an essay on the unification of the science of man*. New York: Free Press.
- BERKOUWER, G.C. 1950. *De voorzienigheid Gods*. Kampen: Kok.
- CAVALLIN, H.C.C. 1974. *Life after death: Paul's argument for the resurrection of the dead in 1 Corinthians 15 – an enquiry into the Jewish background*. Lund: Gleerup.
- DE VILLIERS, P.G.R. 1981. *Understanding the way of God: form, function and message of the historical review in 4 Esra 3:4-27*. (In Richards, K.H., ed. *Society of Biblical Literature seminar papers*. Chico: Scholars. p. 357-378.)
- EICHRODT, W. 1983. *Faith in providence and theodicy in the Old Testament*. (In Crenshaw, J.L., ed. *Issues in religion and theology*. Philadelphia: Fortress. p. 16-38.)
- FITZMYER, J.A. 1974. *The contribution of Qumran Aramaic to the study of the New Testament*. *New Testament studies*, 20:382-407.
- GESE, H. 1983. *The crisis of wisdom in Kohelet*. (In Crenshaw, J.K., ed. *Issues in religion and theology*. Philadelphia: Fortress. p. 42-65.)
- GORDIS, R. 1972. *A cruel God or none – is there no choice?* *Judaism*, 21:277-284.
- HAT
kyk ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H.

- HAYS, R. 1989. *Echoes of Scripture in the letters of Paul*. New Haven: Yale University.
- HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HICK, J. 1968. *Evil and the God of love*. London: Fontana.
- HICKS, D.S. & PINN, A.B. 2008. Theodicy. (*In Dyrness, W.A. & Kärkkäinen, V-M., eds. Global dictionary of theology*. Downers Grove: InterVarsity. p. 881-885.)
- HOGAN, K.M. 2008. *Theologics in conflict in 4 Ezra*. Leiden: Brill.
- HUME, D. 1948. *Dialogues concerning natural religion*. New York: Hafner.
- KATES, C.A. 2004. A Nietzschean theodicy. *International journal for philosophy of religion*, 55:69-82.
- KLIJN, A.F.J. 1983. *Der lateinische Text der Apokalypse des 4 Esra*. Berlin: Akademie.
- KOCH, D.A. 1986. *Die Schrift als Zeuge des Evangeliums: Untersuchungen zur Verwendung und zum Verständnis der Schrift bei Paulus*. Tübingen: Siebeck.
- KOCH, K. 1955. Gibt es ein Vergeltungsdogma im Alten Testament? *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 52:1-42.
- KÖNIG, A. 2006. *Die groot geloofswordeboek*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- KUNTZ, J.K. 1977. The retribution motif in psalmic wisdom. *Zeitschrift für alttestamentliche Wissenschaft*, 89:233-263.
- KUSHNER, H.S. 1981. *When bad things happen to good people*. New York: Schocken.
- LOATO, A. & DE MOOR, J.C. 2003. *Theodicy in the world of the Bible: the goodness of God and the problems of evil*. Leiden: Brill.
- METZGER, B.M. 1983. The fourth book of Ezra. (*In Charlesworth, J.H., ed. The Old Testament pseudepigraph: apocalyptic literature and testaments*. Vol. 1. Garden City: Doubleday. p. 517-560.)
- MEYERS, D.B. 2003. Exclusivism, eternal damnation, and the problem of evil: a critique of Craig's Molinist soteriological theodicy. *Religious studies*, 39: 407-419.
- MOLTMANN, J. 1974. *The crucified God*. London: SCM.
- NICKELSBURG, G.W.E. 1977. The apocalyptic message of 1 Enoch 92-105. *Catholic biblical quarterly*, 39:309-328.
- ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H., eds. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Maskew-Miller.
- OROPEZA, B.J. 2007. Paul and theodicy: intertextual thoughts on God's justice and faithfulness to Israel in Romans 9-11. *New Testament studies*, 53:57-80.
- PHILLIPS, D.Z. 2001. *The problem of evil and the problem of God*. London: SCM.
- PLATINGA, A. 1974. *The nature of necessity*. London: Clarendon.
- SCHOENIG, R. 1998. The free will theodicy. *Religious studies*, 34:457-470.
- SCHUURMAN, H.J. 1993. Two concepts of theodicy. *American philosophical quarterly*, 30:209-221.
- SNYMAN, J. 2006. *Die teodisee-probleem*. Pretoria: Hervormde Teologiese Vereniging. (Ongepubliseerde voordrag.)
- STONE, M.E. 1990. *Fourth Ezra: a commentary on the book of fourth Ezra*. Minneapolis: Fortress.
- SURIN, K. Theodicy? *The Harvard theological review*, 76:225-247.

- TOWNER, W.S. 1971. Retributional theology in the apocalyptic setting. *Union seminary quarterly review*, 26:203-214.
- VON LEIBNIZ, G. 1966. Theodicy. Ed. by D. Allen. Library of Arts edition. Indianapolis: Bobbs-Merril.
- WILCKENS, U. 1980. Der Brief an die Römer. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- WILLETT, T.W. 1999. Eschatology in the theodicies of 2 Baruch and 4 Ezra. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- WILLIAMS, R.J. 1956. Theodicy in the ancient Near East. *Canadian journal of theology*, 2:14-26.
- WRIGHT, N.T. 1992. The climax of the covenant: Christ and the law in Pauline theology. Minneapolis: Fortress.

Kernbegrippe

4 Esra
eskatologie
Openbaring 6:9-10
Romeine 9-11
soteriologie
teodisee

Key concepts

4 Ezra
eschatology
Revelation 6:9-10
Romans 9-11
soteriology
theodicy

